Jesus se eerste wonderwerk

TRUEWAY KIDS.COM

Inleiding

Hierdie week kyk ons na die eerste wonderwerk wat Jesus gedoen het. Terwyl Hy die bruilof in Kana bygewoon het, het Hy water in wyn verander. Hierdie teksvers kan gelees word in Johannes 2:1-11. Sommige van die belangrikste punte wat ons na sal kyk is:

- Wat is 'n wonderwerk?
- Maria vertrou Jesus om die probleem op te los (Johannes 2:3)
- Ons moet doen wat Jesus vir ons sê (Johannes 2:5)
- Jesus doen altyd die beste ding (Johannes 2:10)

Lesgids

Vra jou kind wat 'n wonderwerk is. Verduidelik dat 'n wonderwerk iets is wat nie realisties verduidelik kan word nie, maar wat net God kan laat gebeur. Praat van hoe Jesus water in wyn verander het. Vra of dit 'n wonderwerk was of nie? Jy kan'n paar dinge noem en jou kind vra of hulle dink dit ‘n wonderwerk was of nie.

Kry 'n groot deerskynende beker (“jug”)en vul dit met water. Vra jou kind of hulle dink dat jy die water sap kan maak. Jy kan pret hê met hierdie en jou kind vra of hulle dink die water in sap sal verander as jy met die water praat of vir die water sing. Trek daarna 'n sap-mengsel (aanmaak koeldrank) uit, voeg dit by die water en roer dit. Praat oor hoe jy sap maak deur 'n sap-mengsel te gebruik. Vra jou kind of hulle dink dit 'n wonderwerk is. Verduidelik dat dit nie is nie. Vra dan of Jesus wat die water in wyn verander het ‘n wonderwerk was. Wys daarop dat Jesus nie ‘n sap-mengsel of enigiets anders gebruik het nie, maar dat Hy steeds wyn kon maak.

Praat met jou kind oor vertroue. Verduidelik dat wanneer ons iemand vertrou, ons op hulle staat maak. Praat oor tye wanneer jou kind op jou moet vertrou, soos om hulle veilig te hou terwyl julle oor die pad loop. Wys daarop dat Maria, Jesus se Ma, Jesus vertrou het om die probleem op te los by die troue in Kana. Herinner jou kind dat ons ook Jesus kan vertrou om ons probleme op te los. Wys daarop dat as sondaars, ons 'n Verlosser nodig het en dat Jesus ons Verlosser is. Herinner jou kind dat God hulle liefhet en vir hulle omgee. Verduidelik hoe ons al ons bekommernisse en sorge na Jesus toe kan bring en Hom vertrou om ons te help.

Speel 'n speletjie deur 'n blinddoek op jou kind se oë te plaas. Maak seker dat julle in 'n oop ruimte sonder breek of gevaarlike voorwerpe speel. Sit klein items op die grond soos lekkergoed of klein speelgoed. Vertel jou kind dat hy/sy jou moet vertrou om hulle te lei na die voorwerpe toe. Verander plekke, en laat jou kind jou die keer lei. Wys uit dat selfs al kon nie een van julle iets sien nie, julle mekaar vertrou.

Praat oor hoe ons nie nodig het om blind te wees om die regte ding te doen nie, aangesien Jesus vir ons gesê het wat reg is. Vra jou kind waar Jesus vir ons sê wat reg of verkeerd is. Wys daarop dat Jesus ons altyd sal vertel om die regte ding te doen. Jy kan kies om vrae te vra met die tema van "sou Jesus sê....?" Die vrae moet iets wees soos “sou Jesus sê slaan jou sussie?" of "sou Jesus sê wees gaaf?"

Wys daarop dat ons Jesus altyd kan vertrou om die beste ding te doen. Hy het nie net wyn gemaak nie, Hy het die beste wyn gemaak. Sit 'n paar items of fotos uit en vra jou kind om uit te kies wat goed, beter en die beste sal wees. Byvoorbeeld, 'n paar kos soorte, speelgoed of aktiwiteite. Bied drie opsies en vra jou kinders om hulle in orde te plaas.

Bid en dank Jesus vir Sy koms om sondaars te red. Vra Hom om jou te help om Hom te vertrou.

© 2020 truewaykids.com

Toe die man dit proe kon hy dit nie glo nie.

Dit was die beste wyn wat hy nog ooit geproe het.

Hoe kan water die beste wyn word.

Jesus het 'n wonderwerk verrig.

Nie lank nadat Jesus sy bediening begin het nie, was Hy na 'n troue genooi.
Almal was gelukkig, hulle het gedans en fees gevier.
Daar was toe 'n groot probleem. Hulle wyn het opgeraak, mense het nie wyn gehad om te drink nie.
Dit was 'n slegte ding om nie genoeg wyn te hê by 'n bruilof nie.



Jesus se ma Maria was ook by die bruilof.

Toe sy van die probleem hoor, het sy geweet wat om te doen. Sy het vir Jesus vertel.

Daarna het sy vir die mense by die bruilof gesê om presies te doen wat Jesus gesê het.

Jesus wou sy Ma help.

Hy het die mense wat by die bruilof gewerk het gevra om ses groot potte te vul met water.

Toe hulle vol was, het Jesus hulle beveel om 'n voorsmakie van die water na die man in beheer van die bruilof te neem.

Aktiwiteite

Proe toets

Maak seker dat jy vir voedselallergieë kyk voor jy hierdie aktiwiteit begin. Afhangende van die ouderdom van jou kind, kan jy ook kies om ‘n blinddoek te gebruik.

Plaas 3 verskillenede maar soortgelyke items op die tafel. Byvoorbeeld, drie tipes vrugtesappe, drie soorte vrugte, drie soorte sjokolades ens.

Laat die kinders een van elk smaak en dan besluit watter een die lekkerste smaak. Herinner hulle hoe die man die wyn geproe het en besef het dat dit die beste wyn was wat hy al ooit geproe het.

Beplan ’n klein feesviering

Beplan om 'n klein feesviering te hou. Maak 'n lys van dinge wat jy sal nodig hê. Byvoorbeeld, musiek, speletjies, ballonne, drankies, versnaperinge, koek ens.

As jy tyd en die hulpbronne het kan jy 'n klein feesviering saam met jou kind hou.

Praat oor hoe dit sou wees as jy 'n verjaarsdag viering gehad het en uit verjaarsdag koek gehardloop het. Wat sou hulle doen en hoe sou hulle voel? Hoe sou die mense voel wat nie koek gekry het nie? Verduidelik aan jou kind dat dit soortgelyk is aan wat gebeur het by die troue in Kana.

Water aflos - vul die koppies

Sit 'n emmer vol water aan die een kant van die kamer (Buite sal beter werk!). Plaas aan die ander kant ‘n paar plastiek koppies. Gee vir jou kind 'n beker en laat hulle gaan water skep in die emmer om die plastiek koppies vol te maak. Herhaal totdat al die koppies vol is.

As jy meer as een kind het, kan jy dit in 'n kompetisie verander. Watter span kan al hul koppies die vinnigste vul.

© 2020 truewaykids.com



Ses

6 6 6 6 6 6 6 6

6 6 6 6 6 6 6 6

6

kleur die ses bekers vol water in



© 2020 truewaykids.com

Knip die bekers uit en sorteer hulle van klein na groot

© 2020 truewaykids.com

Sorteer die kos van die drankies

Voedsel

Drankies

© 2020 truewaykids.com

Water na Wyn vaartuig

Wat jy nodig het:

Templaat bladsy
Kryte of potlode
Skêr
Bevestigingspen ("Fastner Pin")

Wat om te doen:

Kleur die templaat bladsy in



Sny rondom die stippel lyn

Plaas die sirkel op die bladsy met die bevestigingspen.

© 2019 truewaykids.com

>>>Kleur die een helfte rooi
en die ander helfte blou in<<<

"Wat Hy ook al vir julle sê, moet julle doen.". Johannes 2:5

© 2020 truewaykids.com

© 2020 truewaykids.com





© 2020 truewaykids.com



© 2020 truewaykids.com

Worship Time

God Of Wonders

https://youtu.be/S_SlY0yawZc

Miracle Worker

https://youtu.be/Sz0znz7a7sc

Our God (Is Greater)

https://youtu.be/p-6YdT1DE08

Gebed

Dank God dat niks vir Hom onmoontlik is nie. Vra God om jou te help om aan Hom gehoorsaam te wees en te doen wat Hy sê.

Volgende week

Jesus en Nikodemus

If you haven't already done so, sign up to receive future lesson by email.
truewaykids.com/subscribe/

© 2020 truewaykids.com